Ontmoeting 14

Die gelowiges is bang vir Paulus

Paulus moet na sy bekering die christene se vertroue wen.
Tekste: Handelinge 9:19-27; Gal. 1:15-16

Hulpmiddels:

- 2 identiese papierpoppe van Paulus. Voorop albei staan "Baie Slim".
  Agterop die een is dit donker en daar staan geskryf: "Haat Jesus"
  Agterop die ander een is dit lig en daarop staan: "Lief vir Jesus".
- 'n Nuwe en 'n ou Paulus op 'n stokkie. *Die poppie het twee kante: 'n Paulus met 'n donker, kwaai gesig - Ou Paulus en een met 'n helder, vrolike gesig - Nuwe Paulus.*
  Skryf agterop die Nuwe Paulus Galasiërs 1:16-18.

(Aan die einde van die ontmoeting is kleurafdrukke van Paulus om te gebruik.)

WELKOM

Aksiespeletjie: Gaan op reis
Merk 'n plek in die lokaal "Jerusalem". Merk aan die ander kant 'n plek "Damaskus".
Nou gee jy opdragte oor hoe hulle van die een plek na die ander moet reis. Hulle maak die aksies volgens die opdragte. Enigiets is moontlik bv.

* *Vinnig, slow motion, rewind*
* *Met 'n vliegtuig, 'n trein, 'n boot, 'n fiets, op 'n perd*
* *Op 'n sinkplaatpad, op 'n snelweg ...*

(Verwys na verlede week se ontmoeting. Paulus was op pad na Damaskus toe die Here hom ontmoet het.)
Wie is wie?
Gebruik die 2 identiese papierpoppe van Paulus.
Hou dit voor die kinders en vra dat hulle kies wie is die een wat lief is vir Jesus. Hulle kan hande opsteek as dit 'n baie groot groep is of selfs hande klap om aan te dui watter een hulle kies. In 'n kleingroep kan jy selfs individueel vra wat hulle keuse is.
Ruil 'n paar keer die poppies om (bv. agter jou rug) en laat hulle 'n paar keer raai. Paulus het na sy bekering gelyk soos altyd. Hy kon weer sien nadat Ananias vir hom gebid het. Hy het nog dieselfde klere gedra en dieselfde kleur hare gehad. Sy mond, neus en ore was dieselfde, hy was net so lank soos vroeër. Hoe gaan die mense weet hy het verander? Ons gaan vandag hoor hoe die ander christene oor Paulus gevoel het, maar kom ons sing eers weer die liedere wat ons herinner aan Paulus se ontmoeting met Jesus.

WYDING

Temalied: "Ek wandel in die Lig van God"
"I have decided to follow Jesus"
Stilword-ritueel:
Laat die kinders hul oë toemaak. Laat hulle kyk na die donker en lig patrone binne die ooglede. Sê na 20 tellings in 'n rustige stem (terwyl hul oë toebly): "God se lig skyn altyd voor ons, of dit donker of lig in ons lewe is. Vra God om die donker dinge in jou lewe vir jou te wys en jou te help om dit weg te neem."
"Kom ons volg Paulus op sy pad."

WOORD

Inleiding: Verlede keer het ons vir Saulus ontmoet. Of was dit dalk Paulus? Kan julle onthou dat dit dieselfde mens is? Hoekom was hy op pad na Damaskus? Kan julle onthou wat het Paulus laat verander?
(Vertel nou die verhaal verder en hou heeltyd 'n poppie van Paulus in jou hand. Die poppie het twee kante: 'n Paulus met 'n donker, kwaai gesig **(Ou Paulus)** *en een met 'n helder, vrolike gesig* (Nuwe Paulus). *Daarmee wil jy heeltyd die vraag uitlig wat in die gelowiges se harte was: "Het hierdie man regtig verander?")*
Die Verhaal
Paulus het nog 'n paar dae by die christene in die stad Damaskus gebly. (Nuwe Paulus) Maar hy het nie stilgesit nie. Hy het sommer dadelik na die Jode toe gegaan en vir hulle vertel dat Jesus regtig die Seun van God is.
Die mense was baie verbaas toe hulle hoor dat Paulus dit sê. Hulle sê toe vir mekaar: "'n Paar weke gelede wou Paulus al die mense wat vir Jesus lief is, in die tronk gooi." **(Ou Paulus)**
Paulus het baie goed gepreek. Hy het vir hulle verduidelik dat Jesus die Christus, die Messias is.

(Nuwe Paulus)
Hulle het later nie meer geweet wat om van Paulus te dink nie. Nuut… **Oud…** Nuut… **Oud…** Nuut… *(Swaai poppie om die "twyfel" uit te beeld en stop op nuwe Paulus.)*
Na 'n rukkie het die Jode besluit hulle moet vir Paulus vang en doodmaak. Hulle het toe die stad se hekke dag en nag laat oppas om seker te maak hy gaan nie stilletjies uit die stad nie. Maar iemand het vir Paulus daarvan vertel. Die christene maak toe 'n plan om Paulus te beskerm. Hulle het in die nag tot op die muur wat rondom die stad gebou is, geklim. Hulle het 'n groot mandjie saamgeneem. Paulus het in die mandjie geklim en hulle het hom by die muur laat afsak. * *('n Mens kan hierdie deel van die storie uitspeel met 'n muur, mannetjies en 'n mandjie.)*
Paulus gaan toe na Jerusalem. Daar wou hy by die ander christene gaan kuier. Hy wou saam met hulle die Here aanbid.
In Jerusalem het almal nog gedink hy is die man wat Christene vang en in die tronk gooi. **Ou Paulus** "Gaan die Christene hom aanvaar?" Nuwe Paulus
Of gaan hulle vir hom bang wees? **Ou Paulus** Hulle kon nie glo dat Paulus nou regtig vir Jesus liefgeword het nie. Sê nou net Paulus jok. Dalk is dit net sy slim plan om hulle te vang.
Maar 'n ander christen, Barnabas, het geweet dat Paulus die waarheid praat. Nuwe Paulus
Hy het toe saam met Paulus na die ander christene toe gegaan en vir hulle vertel dat Paulus die Here gesien het en dat die Here met Paulus praat. Barnabas het vir hulle vertel dat Paulus vir die mense in Damaskus gesê het: "God het die wêreld so liefgehad het dat Hy sy Enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die Ewige Lewe sal hê (Joh 3:16)" Toe weet hulle Paulus jok nie.
Die christene in Jerusalem het nou vir Paulus oral met hulle saamgeneem sodat hy van Jesus kon getuig. *(Haal die agterste* **Ou Paulus** *af en frommel hom op. Gooi weg.)*
Agterop die Nuwe Paulus staan die teksverwysing Gal 1:15-16.
Lees Gal 1:13-16 uit Die Bybel @kinders.com:
"Voordat ek 'n christen was, het ek die kerk van Jesus vervolg. Ek wou al die christene doodmaak. God het gelukkig 'n ander plan vir my lewe gehad. Nog voordat ek gebore is, het Hy besluit ek gaan vir Hom werk. Op 'n dag het ek vir Jesus Christus as my Here leer ken. Van daardie dag af is my lewe anders."

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat was vir jou die mooiste in die verhaal.
2. Ek wonder wat dink jy is die belangrikste in die verhaal.
3. Ek wonder wie sou jy in die verhaal wou wees.
4. Ek wonder wat sou jy vir Paulus gevra het as hy by ons kerk kom kuier het.

WERSKAF

◊ Vir klein groep / Kleiner kinders:
Bou 'n stadsmuur met wat julle ookal kan gebruik. (Van Lego's tot serpe, boksies, kussings ens.) Die kinders kan die verhaal uitspeel met poppies of ander voorwerpe wat die mense in die verhaal kan voorstel. Paulus se mandjie kan selfs 'n klein plastiekbakkie wees.

◊ Vir groter kinders:
Gee 'n Paulus papierpoppie soos in die speletjie (by "Welkom").
Twee moontlikhede:
* 'n Paulus wat mens kan oopvou en dan in hom skryf wie hy nou na sy bekering is.
* Los hartjies waarop hulle kan skryf wie Paulus na sy bekering is en dit dan op hom plak.

◊ Ou Paulus/ Nuwe Paulus op 'n roomys stokkie.
Verklein die voorbeeld en gee vir die kinders om hul eies te maak.

Sluit af met die seënbede:

"Die Here sal Sy lig elke dag op jou laat skyn sodat jy kan weet wat reg en wat verkeerd is. Amen."